# VIERDE HOOFSTUK.

## WOORDVORMING.

§ 213. **Woordvorming is die maak van woorde.** Dir leer ons:

1. *Hoe ons ons teenswoordige woorde gekry het.*
2. *Hoe ons nuwe woorde kan maak.*

Dis egter nie moontlik om die afkoms van al ons woorde uit te vind nie, want ons weet te min van die ou taal of tale waarvan Afrikaans, deur Nederlands, afstam.

§ **214.** Ons onderskei die woorde, met opsig tot hulle vorming, in drie soorte: *stamwoorde*, *afgeleide* en *samegestelde* woorde.

*Stamwoorde* is sulke woorde, waarvan ons op die oog nie kan sien of hulle van ander woorde gemaak is nie.

*Afgeleide woorde* is deur 'n klein verandering van ander woorde gemaak.

*Samegestelde woorde* is gemaak deur twee woorde tot een woord te verenig.

Die verskil tussen afleiding en samestelling is dus, dat by afleiding *een* woord gebruik word, om 'n nuwe te maak, en by samestelling uit *twee* woorde een nuwe gemaak word (Kyk § 250).

§ **215.** Die **stamwoorde** is meesal woorde van een lettergreep. Dit wil natuurlik nie sê dat ook omgekeerd alle eenlettergrepige woorde stamwoorde is nie; inteendeel, baie afgeleide woorde het ook maar een lettergreep.

Onder die stamwoorde is daar baie, waarvan kenners van die ouer tale kan sien, dat hulle van ander woorde in daardie tale gemaak is; maar ons noem hulle darem net so goed stamwoorde.

§ **216.** Die **afgeleide** woorde word in twee klasse verdeel: *regstreeks* afgeleide en *middellik* afgeleide woorde. Die regstreeks afgeleide is van ander woorde gemaak sonder om iets daarby te voeg. Die middellik afgeleide is gemaak deur toevoeging van *voor-* of *agtervoegsels.*

§ **217.** *Voor-* en *agtervoegsels* is toevoegsels, wat in die begin self ook woorde was, maar wat nou nie meer as aparte woorde bestaan nie; hulle het vandag alleen dan 'n betekenis, as hulle by 'n ander woord aangelas word. Die woord, waarvan 'n afgeleide woord gemaak is, word *grondwoord* genoem, en dit kan self ook weer 'n stamwoord, 'n afgeleide of 'n samegestelde woord wees.

N.B. Die name *stamwoord* en *grondwoord* beteken dus nie dieselfde nie.

§ **218.** **Samegestelde woorde** kan ook in twee klasse verdeel word, nl. *regstreeks* samegestelde, en die wat samegestel is *deur middel van afleiding.* Die eerste soort is gemaak deur eenvoudig twee woorde bymekaar te sit, soos b.v. *huisdeur.* Soms word 'n tussenletter tussen die twee stukke ingelas, b.v. *perdekop.*

§ **219.** Met woorde, wat *deur middel van afleiding* samegestel is, bedoel ons woorde, waarvan die twee dele eers twee aparte woorde was, maar wat een geword het, deurdat ons van die een woord eers 'n afleiding gemaak het; soos dit b.v. die geval is met die woorde *twaalfponder* en *kranksinnig. Twaalfponder* is nie gemaak van 'n woord *twaalfpond* nie, maar *twaalf* en *pond* was elkeen 'n aparte woord. Daarop is van *pond* die afleiding *ponder* gemaak, wat nie op sigself as woord bestaan nie, maar wat nou geskik is om met die woord *twaalf* tot een woord verenig te word. So ook is *kranksinnig* nie gemaak van *kranksin,* wat nie 'n gebruiklike woord is nie, maar van *krank* en *sin.* Van *sin* word die afleiding *sinnig* gemaak, wat nie 'n woord op homself is nie, maar wat nou geskik is om met *krank* tot een woord verenig te word. So is dus die *afleiding* hier die *middel* om die samestelling te bewerk.

## I. Vorming van Selfstandige nw.

### *a. Regstreeks afgeleide Snw.*

§ **220.** Regstreeks afgeleide snw. word gemaak van 'n ww. met of sonder verandering van die klinker; b.v.:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *om te werk* — die *werk* | | *om te sing* — 'n *sang* | |
| *om te spring* — 'n *spring* | | *om te speel* — 'n *spel*. | |

### *b. Afleiding van snw. deur voorvoegsels.*

§ **221.** Die voorvoegsels wat snw. maak, is: *aarts—*, *af—*, *ant—*, *ge—*, *oer—*, *on—*, *oor—* en *wan—*. Hulle beteken die volgende:

*aarts—* = *eerste*: *aartsvader*;
*vernaamste*: *aartsbiskop*.
*af—* = *geen* of *verkeerde*: *afgrond*; *afgod*.
*ant—* = *teen*: *antwoord*.
*ge—* = *tesame*: *gebroeders* (b.v. Gebrs. Van Wyk);
*'n versameling* (met agtervoegsel *—te*): *gebergte*;
*'n gedurige handeling*: *gejuig*, *gewoel*;
*die voortbrengsel*: *gebou*.
*oer—* = *oud*, *oorspronklik*: *oerwoud*, *oermens*.
*on—* = *nie* of *sleg*: *ongeluk*, *ondier*.
*oor—* = *uit*: *oorsprong*, *oordeel*;
*eerste*: *oorsaak*.
*wan—* = *nie*: *wanhoop*;
*sleg*: *wangeloof*, *wanguns*.

### *c. Afleiding van snw. deur agtervoegsels.*

§ **222.** a. *Vir manlike persoonsname* gebruik ons die agtervoegsels: *—er*, *—aar*, (*—naar*, *—enaar*), *—ier*, (*—nier*, *—enier*), *—aard*, (*—erd*), *—and*, en die vreemde uitgange *—aan*, *—eur*, *—iet*, *—is*.

*—er* kom agteraan *'n ww.*: *werker*, *speler*;
agteraan name *v. lande* en *plekke*: *Hollander*, *Potchefstromer*.
*—aar* kom agteraan *'n ww.*: *dienaar*, *sukkelaar*;
,, ,, *'n snw.*: *sondaar*, *skuldenaar*;
,, ,, *plaasname*: *Kapenaar*.

—*ier* kom agteraan *'n snw.*: *tuinier, kruidenier.*
—*aard* kom agteraan *'n bnw.*: *gierigaard, luiaard, lomperd*
—*and* is die ou uitgang van die onvolt. deelw., dus agteraan *'n ww.*: *Heiland* (= die helende of genesende); *vyand* (=die vyende of hatende).
—*aan* kom agteraan *plaasname*: *Pretoriaan, Amerikaan.*
—*eur* kom agteraan *ww.*: *inspekteur, kontroleur.*
—*iet* kom agteraan *plaasname*: *Paarliet*;
,, ,, *persoonsname*: *Israeliet.*
—*is* kom agteraan name *v. instrumente*: *fluitis, telegrafis*;
,, ,, *persoonsname*: *Kalvinis.*

§ **223.** b. Vir *vroulike persoonsname*: —*es*, —*in*, —*ster*. Woorde, hiermee gemaak, beteken: 1. die vrou van die genoemde man; 2. 'n vrou wat dieselfde werk doen as die man. Party van hulle het twee betekenisse; b.v.: *koningin* = die vrou van 'n koning, of 'n vrou wat 'n koning se amp beklee; so ook *prinses, hertogin*, e.a.

—*es* en —*in* word agteraan die manlike snw. gevoeg: *boer* — *boerin*; *held* — *heldin*; ens.

—*ster* maak vrouename direk van dieselfde ww. waarvan manlike name op —*er* gemaak is; b.v.:

*bakker* (mnl.) en *bakster* (vrl.), altwee van *bak*;
*prater* (mnl.) en *praatster* (vrl.), altwee van *praat.*

Alleen as die mnl. woord op —aar uitgaan, word die vrl. woord gemaak deur —*ster* agteraan —*aar* te voeg; b.v.: *babbelaar, babbelaarster*; *leuenaar, leuenaarster.*

§ **224.** c. Vir *gemeenslagtige persoonsname*: —*ing* (of —*ling*):

1. agteraan plaasname: *dorpeling, stedeling*;
2. agteraan afgetrokke snw.: *gunsteling, kleurling*;
3. agteraan bnw.: *woesteling, vreemdeling*;
4. agteraan ww.: *volgeling, suigeling.*

Hierdie woorde kan algar manlike of vroulike persone aandui. Partykeer word die vroulike geslag hierby aangedui deur 'n —*e*; b.v.:

*leerling* — *leerlinge*; *kwekeling* — *kwekelinge*;

maar nodig is dit nie, en dit kan aanleiding gee tot verwarring met die meervoud. Die woorde *jongeling* en *ouderling* is teenswoordig altyd manlik.

§ **225.** d. Vir *name van dinge*: —*aar* (of —*laar*), —*dom*, —*er*, —*el*, —*eel*, —*sel*, en —*y*.

—*aar* maak name van werktuie: *ewenaar* (die hefboom van 'n weegtoestel, wat twee dinge *ewe* = *gelyk* maak).

—*dom*, agteraan name van vorste: *hertogdom* (= die land van 'n hertog).

—*er*, —*el* en —*eel*, agteraan ww. om name van werktuie te maak: *kyker*, *sleutel* (i. p. v. sluitel), *toneel* ('n verhoog om iets op te ver*toon*).

—*sel* maak name van werktuie: *deksel*, en van voortbrengsels van die werk: *saagsel*.

—*y* maak name van bedrywe en werkplase: *boerdery* (= die bedryf); *brouery* (die werkplaas).

§ **226.** e. Vir *versamelname*: —*te*, —*dom*, —*heid*, —*skap*, —*y* en —*asie*.

—*te* word gebruik tesame met die voorvoegsel *ge*—: *geboomte*, *gedierte*.

—*dom*: *mensdom* (= alle mense bymekaar).

—*heid*: *kristenheid* (= alle Kristene bymekaar).

—*skap*: *genootskap*.

—*y*: *boekery*.

—*asie*: *boskasie*, *tuigasie*.

§ **227.** f. Vir *verkleinwoorde*: —*ie* en —*jie*, met of sonder tussenletters (—*pie*, —*tjie*, —*etjie*).

—*ie* kom agteraan woorde wat op *f*, *g*, *k*, *p* of *s* eindig: *grafie*, *niggie*, *boekie*, *koppie*, *huisie*, ens.

OPMERKING. Die vraag of die *f*, *g*, *k*, *p* of *s* in die skrywe verdubbel word, is nie 'n kwessie van verkleiningsuitgang nie, maar van spelling (Kyk § 273).

By —*ie* kom die tussenletter *p* (—*pie*) agteraan woorde op *m*, wat direk voor die *m* 'n lang klinker of 'n *r* of *l* het: *boompie*, *armpie*, *skelmpie*.

—*jie* kom agteraan woorde op *d* of *t*: *bedjie*, *fluitjie*. Dit neem die tussenletter *t* (—*tjie*) as die woord op 'n *klinkletter* eindig: *toutjie*, *koeitjie*; en agteraan *l*, *n*, *r*, as hierdie letters voorafgegaan word deur 'n *lang klinker* of 'n *klinker sonder klemtoon*: *skooltjie*, *skoentjie*, *skêrtjie*; *winkeltjie*, *kamertjie*. Dit neem die tussenletters *et* (—*etjie*)

by woorde op *l*, *m*, *n*, *r*, *ng* met 'n *kort klinkletter* daarvoor: *bolletjie*, *lammetjie*, *kannetjie*, *karretjie*, *ringetjie*.
Ook *rib* word *ribbetjie*.

OPMERKING. Die verdubbeling van die medeklinkers is maar weer 'n spellingkwessie.

§ **228.** g. Vir *afgetrokke snw.* word gebruik *—e*, *—de*, *—te*, *—heid*, *—ing*, *—y* (*—ery*, *—ary*, *—erny*), *—nis*, *—dom*, *—skap*, *—s*; en die vreemde agtervoegsels *—asie*, *—teit* en *—isme*.

*—e*, *—de*, *—te* en *—heid*, agteraan bnw. maak name van hoedanighede: *koue*, *liefde*, *hoogte*, *doofheid*. Party woorde kan sowel met *—e*, *—de* of *—te* as met *—heid* gemaak word; b.v.: *laagte* en *laagheid*; *koue* en *koudheid*. In dié geval bedoel die op *—e*, *—de* en *—te* 'n hoedanigheid, *wat ons met die sinne kan waarneem*; en die op *—heid* 'n hoedanigheid *van iemand se karakter*.

OPMERKING. Byvgl. woorde en deelwoorde wat in die verboë vorm op *-de* of *-te* uitgaan en in die onverboë vorm tesame met die *-e* ook die *d* of *t* verloor, (§§ 152, 180) behou dit egter in afleidings op *-heid;* b.v.: *gerustheid*, *vastheid; begaafdheid*, *verliefdheid*.

*—ing* agteraan ww. maak name van werkinge: *vergewing*, *verandering*.

*—y*, (*—ery*, *—ary*, *—erny*) maak name van toestande: *slawerny*; en van werkinge: *voogdy*, *bedelary*, *bedrieëry*.

*—nis* maak name van toestande of werkinge: *duisternis*, *begrafnis*.

*—dom* maak name van toestande: *ouderdom*; of van werkinge: *wasdom*; ook van godsdienste: *Kristendom*.

*—skap* maak name van toestande: *dronkenskap*; van ampte: *koningskap*; van werkinge: *rekenskap*.

*—s* maak name van werkinge: *diens*, *vangs*.

*—asie* maak name van werkinge: *slytasie*, *bewerasie*.

*—teit* kom agteraan vreemde woorde, om name van hoedanighede te maak: *publisiteit*.

*—isme* maak name van godsdienstige, wetenskaplike of maatskaplike stelsels: *Kalvinisme*, *Darwinisme*, *sosialisme*.

§ **229.** Uit die voorgaande sien ons, dat party agtervoegsels verskillende soorte snw. kan maak:

*—aar* en *—er*: name van *persone* en *werktuie*.

—*y*: versamelname en name van *werkinge* en *toestande*; ook van *bedrywe* en *werkplase.*
—*heid*: *versamelname* en name van *hoedanighede.*
— *dom*: *versamelname* en name van *toestande* en van *gebiede.*
—*skap*: *versamelname* en name van *werkinge* en *toestande.*
—*asie*: *versamelname* en name van *werkinge.*

§ **230.** Daar is party agtervoegsels, wat 'n mens maklik met mekaar verwar:

—*te* en —*heid*: —*te* bedoel die hoedanigheid in letterlike, —*heid* soms in figuurlike betekenis; b.v.:

'n man se *groot***te** is sy lengte; sy *groot***heid** is 'n hoedanigheid van sy karakter en bekwaamheid.

So het ons o.a.:

*laag***te** — 'n lae posiesie; *laag***heid** — 'n karaktertrek; *rond***te** — iemand loop al in die rondte; *rond***heid** — die rondheid van sy antwoord.

—*ing* en *nis*: —*ing* gee die *handeling alleen* aan; —*nis* die handeling *met al wat daarby behoort*; b.v.:

die *begraw***ing** is die toemaak van die lyk met grond; maar die *begraf***nis** is die hele plegtigheid. So het ons ook *bekommer***ing** en *bekommer***nis**, *erkenn***ing** en *erkente***nis,** *stor***ing** en *stoor***nis,** *verbind***ing** en *verbinte***nis,** ens.

—*heid* en —*nis*: —*heid* gee die naam van 'n versameling of 'n *toestand*; —*nis* van 'n toestand *met alles wat daarby kom*; b.v.:

*droef***heid** is die toestand van iemand wat bedroef is; *droefe***nis** is die hele omstandigheid, waarin 'n bedroefde persoon verkeer. So het ons: *ontsteld***heid** en *ontstelte***nis,** *duister***heid** en *duister***nis.**

§ **231.** Let ook op die betekenis van die volgende woorde:

*hoogte*: 1⁰ die hoedanigheid (abstrak); 2⁰ iets wat hoog is, 'n bult (konkreet).

Om die konkrete betekenis van 'n woord op — *heid* aan te dui, voeg ons partykeer —*ig* voor die uitgang; b.v.: *soetheid* = die hoedanigheid van *soet*; *soet***ig***heid* = iets wat soet is. So ook: *vastheid* en *vast***ig***heid*; *vuilheid* en *vuil***ig***heid.*

*Vangs*: 1⁰ die werk van vang (abstrak); 2⁰ wat iemand vang (konkreet). So ook: *wins, ontvangs, vonds*, ens.

*rykdom*: 1⁰ die hoedanigheid (abstrak); 2⁰ die besitting (konkreet); 3⁰ al die ryk mense bymekaar. So ook *ouderdom*.

*vereniging*: 1⁰ die handeling om te verenig (abstrak); 2⁰ die verenigde mense (konkreet). So ook: *vergadering, versameling*, ens.

*heidendom*: 1⁰ die heidense godsdiens (abstrak); 2⁰ al die heidene (konkreet).

OPMERKING. *Kristendom:* die kristelike leer;
*Kristenheid:* al die Kristene.

*mensheid*: 1⁰ die menslike natuur, b.v.: die mensheid en die godheid van Kristus (abstrak); 2⁰ alle mense bymekaar (konkreet). In hierdie laaste betekenis is *mensheid* sinoniem met *mensdom*.

### d. *Regstreekse samestelling van Snw.*

§ **232.** By die regstreeks samegestelde snw. is die *laaste deel* 'n snw., en die *eerste* 'n snw., 'n ww., 'n bvgl. w. of 'n byw. Die *laaste deel* sê altyd *watter persoon* of *ding* die hele woord noem, terwyl die *eerste* deel sê *watter soort* bedoel word. B.v.:

Snw. + snw.: *winkelvenster*; *perdepoot*; *doodsangs*.

(Die woorde is direk bymekaar gevoeg, of hulle het 'n *e* of *s* as tussenletter).

Ww. + snw.: *tekenklas*; *draaibank*; *skeermes*.

Bvgl.w. + snw.: *kleinbaas*; *rooiwater*; *vierhoek*.

Bw. + snw.: *onderdeur*; *agterplaas*; *binnevet*.

### e. *Samestelling van Snw. deur afleiding.*

§ **233.** Samestellings deur afleiding word bewerk deur die agtervoegsels *—er* of *—ing*, of ook heeltemal sonder agtervoegsel. Die eerste noem ons samestelling deur *middellike*, die laaste deur *regstreekse* afleiding.

### a. *Samestelling deur middellike afleiding.*

*Skoene maak* is twee aparte woorde; maar as ons van die ww. *maak* die snw. *maker* vorm, kan die twee woorde aanmekaar gelas word: *skoenmaker*.

Kyk ook § 219, die woord *twaalfponder*. Op 'n derge-

like manier ontstaan die woorde *boekverkoper, driemaster, geldbesparing, teleurstelling,* ens.

b. *Samestelling deur regstreekse afleiding.*

*eerbied* is gemaak van *eer* en *bied*; *bied* is nie apart gebruiklik as 'n snw. nie, maar deur dit met die woord *eer* te verbind, word dit 'n snw. So is dit ook met die woorde *tydverdryf, nasleep, nooddruf* (*druf* kom van 'n ou ww. *durf* of *derf* = gebrek ly aan iets); ens.

§ **234.** By 'n klompie samegestelde snw. sê die laaste deel nie watter persoon of ding die woord beteken nie; b.v.:

'n *voorskoot* is nie 'n skoot nie, maar 'n kledingstuk, wat voor die skoot gedra word.

'n *roodhuid* of *rooihuid* is nie 'n huid nie, maar 'n persoon met 'n rooi huid.

'n *dwingeland* is nie 'n land nie, maar 'n man, wat 'n land dwing.

'n *niksnuts* is nie 'n soort nut nie, maar 'n persoon, wat vir niks nuttig is nie. (Die *s* het hier onwillekeurig agteraan gekom deur invloed van die *s* van niks (Kyk § 171).

'n *vierkant* is nie 'n kant nie, maar 'n figuur met vier kante.

'n *reghoek* is nie 'n hoek nie, maar 'n figuur met regte hoeke.

## II. **Vorming van werkwoorde.**

a. *Regstreekse afleiding van werkwoorde.*

§ **235.** Die regstreeks afgeleide ww. word onderskei in die volgende soorte: *denominatiewe, kousatiewe* en *intensiewe* ww.

*a. Denominatiewe* (of *Naamwoordelike*) ww. word gemaak van selfst. of bvgl. naamwoorde; in 'n paar gevalle ook van bywoorde; b.v.:

van *snw.*: ek *hamer*; ek *beitel*; ek *basuin*;
van *bnw.*: ek *wit* 'n muur; ek *droog* vrugte;
van *bw.*: ek het die geld *geïn.*

*b. Kousatiewe* (of *oorsaaklike*) ww. word van ander ww. gemaak, en gee te kenne, dat iemand oorsaak is dat 'n ander iets doen. B.v.: As ek sê: *Die boek lê op die tafel,* het die ww. *lê* sy eie oorspronklike betekenis; maar as

ek sê: *Ek lê die boek op die tafel,* dan beteken dit: *ek is o o r s a a k dat die boek op die tafel lê.* So is dit ook met: *Ek s i t die blompot op die stoep,* wat van die ww. *sit* afkom, soos dit gebruik is in die sin: *ek s i t op 'n stoel.*

OPMERKING. In Nederlands is daar partykeer verskil in klinkletter tussen die kousatief en die oorspronklike ww.; b.v.: *vellen* van *vallen*, *drenken* van *drinken*. In Afrikaans word die kousatief van sommige ww. gemaak sonder verskil in klank, en party kousatiewe wat in Nederlands voorkom, is in Afrikaans nie meer in gebruik nie.

*c. Intensiewe* (of *versterkte*) ww. gee te kenne dat 'n sekere werk sterker as gewoonlik gedoen word; b.v.: *buk* = diep *buig*; *hik* = sterk *hyg*; *wik* = sorgvuldig *weeg*. Uit hierdie voorbeelde blyk, dat die klinkletter korter word, en dat die medeklinker ook skerper word, deurdat 'n glyer in 'n klapper verander (Kyk § 257). Partykeer kry die woord ook 'n i n t e n s i e w e betekenis deur 'n letter voor aan te las; b.v.: *knip* en *knyp* van *nyp*; *knik* van *nik*, en dit weer van *nyg*.

### b. *Afleiding van ww. met agtervoegsels.*

§ **236.** Die agtervoegsels, waarmee ww. gevorm word, is: *—ig* en *—eer*, *—el* en *—er*.

*—ig* vorm denominatiewe; b.v.: *stenig*, *reinig*.

*—eer* is 'n vreemde uitgang, wat ook denominatiewe maak; b.v.: *halveer*, *waardeer*.

Die ander twee uitgange, *—el* en *—er*, maak 'n soort ww. wat die naam dra van *frekwentatiewe* ww. of ww. *van herhaling*. Hierdie ww. gee te kenne, dat 'n handeling lank agtermekaar herhaal word; b.v.: *bibber* = gedurig *beef*; *wandel* = gedurig *wend*, d. i. omdraai. Die vernaamste frekwentatiewe ww. is:

*bedel*, van *bid*;
*hakkel*, van *hak*;
*kekkel*, van *kek* (= geluid gee);
*snuffel*, *van snuif*;
*klepper*, van *klep*;
*sluimer*, van *sluim* (= slaap).

### c. *Afleiding van ww. deur voorvoegsels.*

§ **237.** Die voorvoegsels, wat gebruik word om ww. te vorm, is: *be—*, *ge—*, *er—*, *her—*, *ont—*, *ver—* en *wan—*. Party van hulle het baie betekenisse. Die vernaamste daarvan is die volgende:

*be*— kan beteken:

1°. *by*; b.v.: *behoort* = by iets hoort; *bereik* = by reik;

2°. *op* of *oor*: *beklim* = klim op iets; *begroei* = oor iets groei;

3°. *verkry deur die werk*: *bespaar* = kry deur spaar;

4°. *voorsien van iets*: *bevoorreg* = voorsien van 'n voorreg; *bevrug* = voorsien van vrug;

5°. *maak dat iets 'n hoedanigheid kry*: *bevry* = vry *maak*;

6°. *van alkante*: *besmeer*, *bestryk*.

*ge*— maak die ww. waarvoor dit gevoeg word, sterker van betekenis: *gedink*, *genaak*, *gevoel*.

*er*— beteken *verkry deur die werk*: *ervaar* = deur *vaar*, d.i. deur *reis*, ondervinding opdoen.

*her*— beteken *weer* of *opnuut*: *herleef* = opnuut leef; *hertrou* = weer trou.

*ont*— beteken:

1°. *teen*: *onthou* = teenhou, sodat dit nie uit die geheue weggaan nie;

2°. *weg*: *ontvlug* = wegvlug;

3°. *iets wegneem*: *onthoof* = die hoof wegneem;

4°. *begin om iets te doen*: *ontbrand* = begin om te brand.

*ver*— kan beteken:

1°. *weg*: *verspoel* = wegspoel;

2°. *verkeerd*: *verlei* = verkeerd lei;

3°. *wegmaak* of *bederf* deur die werk: *verbrand* = wegmaak deur brand; *verbrou* = bederf deur brou;

4°. *verander in iets*: *versteen*, *verbeen*;

5°. *maak dat iets 'n hoedanigheid kry*: *verduidelik*, *verklaar* (*klaar*, d.i. *helder* maak);

6°. *verwissel*: *verklee*, *verhuis*;

7°. *oordek* of *toemaak met iets*: *verglaas* = oordek met glas; *versper* = toemaak met 'n sper of spar, d.i. met 'n denneboomstam.

*wan*— beteken *sleg*: *wantrou*.

d. *Regstreekse samestelling van ww.*

§ **238.** By die regstreeks samegestelde ww. is die laaste deel 'n ww., en die voorste 'n ww., 'n snw., 'n bvgl.w. of 'n bywoord. B.v.:
*ww. + ww.: ginnegaap;*
*snw. + ww.: raadpleeg, asemhaal;*
*bnw. + ww.: goedkeur, vryspreek;*
*bw. + ww.: uitgaan, wegloop.*

By hierdie laaste soort is daar, soos ons in § 198 gesien het, party wat, al na die verskil in klemtoon, skeibaar of onskeibaar vervoeg word; nl. die wat begin met *deur, mis, om, onder, oor* en *vóor*. Met die klemtoon op die laaste deel, d.i. op die ww., is hulle onskeibaar, maar met die klemtoon op die bywoord, is hulle skeibaar.

## III. **Vorming van byvoeglike woorde.**

a. *Regstreeks afgeleide bvgl. woorde.*

§ **239.** Hierdie word gemaak van 'n ww., soos: *laag* van *lê, los* van (ver)*lies* of *verloor*; of van snw., soos wanneer die snw. *honger* voorkom in die sin: *Ek is honger*. So ook die bnw. *dors* en *vaak.*

Tot hierdie soort behoort ook die stoflike bnw., want die snw., wat die stof noem, word somar as 'n bvgl. woord gebruik: *'n goue horlosie, 'n yster wil.*

b. *Afleiding van bvgl. woorde deur agtervoegsels.*

§ **240.** Die agtervoegsels vir hierdie doel is:
*—agtig* (sonder klemtoon), *—agtig* (met klemtoon), *—haftig, —baar, —ig* (*—rig* of *—erig*), *—lik, —loos, —s* en *—saam.*

*—agtig* (sonder klemtoon) kom.

1°. *agteraan snw.*, en beteken dan *gelykende* op iets; b.v.: *melkagtig* = net soos melk;

2°. *agteraan 'n bvgl. w.* en beteken dan: *'n bietjie*; b.v.: *swartagtig* = so 'n bietjie swart;

3°. *agteraan 'n ww.*, en beteken dan: *geneig tot die werk*; b.v.: *spotagtig* = geneig om te spot.

*—agtig* (met klemtoon) beteken: *hebbende*; b.v.: *deelagtig* = deelhebbende. In *waaragtig* staan *waar* vir *waarheid*. Weens die klemtoon word hierdie woord baiemaal verkort tot *wragtig* en *wraggies*.

*—haftig* kom van die ou ww. *haven* (=*hê*), en beteken: *sekere hoedanigheid hebbende*; b.v.: *krygshaftig* = die hoedanigheid besittende, wat vir die kryg (oorlog) nodig is.

*—baar* kom van 'n ou ww. *beren* (Eng. *to bear*), d.i. *dra* of *voortbring*. Dit kom

1⁰. *agteraan 'n snw.*: *vrugbaar*;

2⁰. *agteraan 'n ww.*, en dan beteken dit: *geskik om iets te doen of te ondergaan*: *vloeibaar, buigbaar*.

*—ig* kom

1⁰. *agteraan snw.*, en beteken dan: *iets hebbende*, of *die geaardheid van iets hebbende*; b.v. *magtig* = mag hebbende; *vlesig* = die geaardheid van vlees hebbende;

2⁰. *agteraan ww.*, en dan beteken dit: *geneig om die handeling te verrig*: *nalatig*;

3⁰. *agteraan bnw.* om 'n *ligte graad van die hoedanigheid* aan te dui, b.v.: *vettig* = 'n bietjie vet.

*—rig* of *—erig* beteken dieselfde as *—ig*, maar gee aan die woord 'n *ongunstige betekenis*; b.v.:
*agteraan snw.*: *sanderig, bloederig, rommelrig*;
*agteraan ww.*: *bewerig, praterig, klewerig*;
*agteraan bnw.*: *groterig, siekerig*.

*—lik* kom

1⁰. *agteraan snw.*, en beteken dan: *behorende tot*, of *ooreenkomende met iets*; b.v.: *liggaamlik, wonderlik*;

2⁰. *agteraan bnw.*, en beteken dan *'n bietjie*; b.v.: *sieklik*;

3⁰. *agteraan ww.*, en dan beteken dit, net soos *—baar*: *geskik om die werking te doen of te ondergaan*; b.v.: *bedrieglik, gelooflik*.

OPMERKING. Party bvgl. woorde kan met *—agtig* sowel as met *—lik* gemaak word; b.v. *meesteragtig* en *meesterlik; kinderagtig* en *kinderlik*. Met *—agtig* bedoel dit maar net die skyn; met *—lik* die werklikheid. *Meesteragtig* is iemand wat meer op 'n meester lyk; *meesterlik* is iemand wat dit regtig is.

*—loos* kom

1⁰. *agteraan snw.*, en beteken dan: *sonder*; b.v.: *kinderloos, ouerloos, werkloos*;

2⁰. *agteraan ww.*, en beteken dan: *ongeskik om die werk te ondergaan*; b.v.: *reddeloos.*

*—s* of *—ies* beteken:

1⁰. *dat iemand of iets êrens tuis behoort*; b.v.: *aards, hemels, Arabies, Russies.*

2⁰. *dat iemand of iets so lyk*: *kinds* = soos 'n kind; *honds* = soos 'n hond (b.v. 'n *hondse behandeling*).

*—saam* kom

1⁰. *agteraan snw.*, en beteken dan: *met iets ooreenkomende*; *deugsaàm*;

2⁰. *agteraan ww.*, en beteken dan: *geneig om die werk te doen*; b.v.: *werksaam, leersaam.*

Behalwe die genoemde agtervoegsels is daar nog twee, wat rangtelwoorde maak, nl. *—de* en *—ste*; b.v.: *eerste, twede, vierde, agste.*

c. *Afleiding van bvgl. woorde deur voorvoegsels.*

§ **241.** Die voorvoegsels, waarmee bvgl. woorde gevorm word, is: *aarts—*, *be—*, *ge—*, *on—*, en *wan—*.

*aarts—* beteken *baie*: *aartsdom.*

*be—* beteken *voorsien* van iets: *begaaf* = voorsien van gawe; *bejaard, bewolk.* Hierdie bnw. kan beskou word as Volt. Deelw. van ww. met die voorvoegsel *be—* (Kyk § 237, *be—*, 4⁰).

*ge—* beteken ook *voorsien van iets*: *gespikkeld* = voorsien van spikkels, d.i. kolletjies; *gestewel, gespoor.*

Hierdie bnw. kan beskou word as volt. deelw. van denominatiewe ww. (Kyk § 235, *a*).

*on—* beteken *nie*, b.v.: *ongehoorsaam, ondiep.*

*wan—* beteken *sleg*, b.v.: *wanskape* = *sleg geskape.*

d. *Regstreekse samestelling van bvgl. woorde.*

§ **242.** Regstreeks samegestelde bvgl. woorde word gemaak deur voor 'n bvgl. w. 'n ander woord te sit. Dit kan 'n *snw.*, 'n *vnw.*, 'n *ww.*, 'n *bvgl. w.* of 'n *bw.* wees. B.v.:

*Snw.* + *bnw.*: *suikersoet* = so soet soos suiker; *liefderyk* = ryk aan liefde;
*vnw.* + *bnw.*: *deskundig* = kundig daarvan (*des* bet. *daarvan*);
*ww.* + *bnw.*: *weetgierig* = gierig om te weet;
*bnw.* + *bnw.*: *doofstom* = doof en stom;
*bw.* + *bnw.*: *doodbedaard, oorbeleef.*

Samegestelde telwoorde is: *elf, twaalf, dertien, veertien,* ens. tot *neëntien*; en verder *twintig, dertig,* ens. tot *neëntig.*

*Elf* is 'n verkorting van *een-lif*; *lif* beteken *bly,* d.w.s. na die volle tien bly daar nog een.

*Twaalf* is op dieselfde manier 'n verkorting van *twa-lif* = twee bly.

*Dertien, veertien,* ens. beteken *drie-tien, vier-tien,* ens.

Die laaste deel van *twintig, dertig,* ens., nl. *tig,* beteken *tiental*; dus *twintig* = twee tientalle; *dertig* = drie tientalle, ens.

e. *Samestelling van bvgl. woorde deur afleiding.*

§ **243.** Die uitdrukking *vier stemme* bestaan uit twee aparte woorde. Sit ons agteraan die woord *stem* die uitgang *—ig*: *stemmig,* dan is die woord geskik om met die woord *vier* samegestel te word: *vierstemmig.* So maak ons ook: *hardnekkig, grootmoedig,* ens.

Ook die agtervoegsel *—s* word op dié manier gebruik; b.v.: *ouderwets* = volgens die ou wet; *onderhands* = onder die hand.

En die voorvoegsel *ge—* tussen die twee woorde geplaas, maak ook sulke samestellings; b.v.: *breedgeskouer.*

## IV. **Vorming van voornaamwoorde.**

§ **244.** Daar is 'n hele paar samegestelde vnw., maar hulle is later so verander en verkort, dat ons nou nie meer goed kan sien dat hulle samegestel is nie. 'n Paar waaraan dit nog duidelik te sien is, is die volgende:

*diegene* is gemaak van *die* en die ou aanw. vnw. *gene*;
*elkeen* is gemaak van *elk* en *een*;
*niemand* beteken *ne iemand* = *nie* iemand.

## V. **Vorming van bywoorde.**

### a. *Afleiding van bw.*

§ **245.** Die volgende agtervoegsels vorm bywoorde: *—s*, *—lik*, *—liks*, *—ling* of *lings*, *—waarts*, *—gewys*, en *—ies* of *—jies*.

*—s* kom agteraan 'n heelparty bywoorde. In baie gevalle is dit 'n ou Nederlandse besitvorm, wat op *—s* uitgaan; b.v.: *snags*, *saans*; die voorste *s* is 'n oorblyfsel van die lidw. in die besitvorm *des*; maar hierdie lidw. ontbreek ook in party bw., soos *reeds*, *deels*, *eensklaps*. Hierdie uitgang was vroeër so gewoon, dat die *—s* in baie gevalle onwillekeurig gebruik is om bywoorde te maak ooks onder dat daar 'n gedagte aan 'n besitvorm aanwesig was. Daarom word dit in so 'n geval aangedui met die naam *bywoordelike —s*; b.v.: *ineens*, *vervolgens*, *vanouds*, *buitenslands*, ens.

*—lik* maak bywoorde *van bnw.*; *b.v.*:

*genadiglik* van die bnw. genadig;
*goedgunstiglik* van die bnw. goedgunstig.

Bywoorde met hierdie uitgang word selde gebruik, en dan nog maar net in verhewe taal. Gewoonlik gebruik ons die bnw. onveranderd as 'n bywoord.

*—liks* kom agteraan *woorde, wat 'n tyd aandui*; b.v.: *daeliks*, *weekliks*, ens.

*—ling* of *—lings* dui 'n *manier* aan waarop iets geskied; b.v.: *mondeling*, *beurtelings*; *—lings* dui ook 'n *rigting* aan: *sydelings*.

*—waarts* dui aan *waarheen*: *stadwaarts*, *huiswaarts*.

*—gewys* beteken *op sekere manier*; b.v.: *trapsgewys*.

*—ies* (*—jies*, *—tjies*, *—etjies*) is 'n verkleiningsuitgang, wat aan 'n bw. 'n bybetekenis van *liefheid* gee; b.v.: *liefies*, *saggies*, *suutjies* (= *soetjies*), *stilletjies*.

### b. *Samestelling van bywoorde.*

§ **246.** Samegestelde bw. word op verskillende maniere gemaak:

1. twee woorde bymekaar in die ou Nederlandse besitvorm op *—s* of die datief op *—er*; b.v.: *binnensmonds*, *langsamerhand*, *destyds*, ens.

2. *'n snw. met 'n voorsetsel* daarvoor; b.v.: *bygeval, terug, agterweë,* ens.
3. *twee bw.*; b.v.: *ronduit, eweneens, bo-op,* ens.

## VI. **Vorming van voorsetsels.**

§ **247.** Die meeste eenlettergrepige voorsetsels is stamwoorde, maar darem nie algar nie; al die ander is afgelei of samegestel. Heelparty hiervan het grondwoorde, wat nie meer as afsonderlike woorde in gebruik is nie; ander is *snw., bvgl. woorde,* of *deelwoorde,* wat nou as voorsetsels diens doen. B.v.:

Snw.: *namens, tydens, weens,* (= *wegens*);
Bnw.: *trots, langs*;
Onvolt. dlw.: *uitgesonderd, uitgenome.*

Ook is daar uitdrukkings van twee of drie woorde, wat tesame as een vs. gebruik word; b.v.: *ten spyte van, uit krag van, ter wille van,* ens.

## VII. **Vorming van voegwoorde.**

§ **248.** Ook hierby is heelparty woorde, wat eers tot 'n ander klas behoort het, maar wat vgw. geword het, deurdat hulle gedurig gebruik is om sinne te verbind. 'n Hele klompie daarvan is samegestel, b.v.: *omdat, sodra, terwyl* (wyl =*tyd*), *deurdat, sodat, indien,* ens.

## VIII. **Verborge samestelling en afleidings.**

§ **249.** Verskeie woorde is deur samestelling of afleiding ontstaan, maar het later so 'n verandering ondergaan, dat die oorspronklike woorde, waarvan hulle gemaak is, vandag nie maklik meer herkenbaar is nie. Ons noem sulke woorde *verborge* samestellings of afleidings. Die volgende is voorbeelde daarvan:

*arglistig,* van *arg* of *erg* (= kwaad) en *listig.*
*balling,* van *banneling* = iem. wat *verban* is;
*blaker,* van *blaak* (= brand); dus: brander;
*boord,* van *boomgaard* = boomtuin;
*booswig,* van *boos wig* = slegte man;
*bruidegom,* van *bruid* en *gom* (= man); dus: die bruid se man;

*bruilof*, van *bruidloop* = optog ter ere van die bruid;
*drempel* of *drumpel*, van *deurpaal*;
*elf* en *twaalf*, van *een lif*, *twa lif* = een, twee bly oor;
*godvrugtig*, van *god vurgtig* = godvresend (vurgt = vrees);
*hovaardig*, van *hoogvaardig* = hooggaande (vaar = gaan);
*juffer*, van *juffrou*, *jonkvrou* = jong gebiedster;
*klemmetjie*, van *klein meidjie*;
*klonkie*, van *klein jong* = klein Kaapse jongie;
*knelter*, van *kniehalter*;
*leisel*, van *leiseel* = leistring (lei = stuur);
*meneer*, van *mijn heer* = my gebieder;
*mevrou*, van *mijn vrouw* = my gebiedster;
*naand*, van *goeden avond* (van *goeden* het net die *n* oorgebly);
*oomblik*, van *ogenblik* = 'n blik of kyk met die oë;
*skrikkeljaar*, van *skrik* = verspring (dus 'n jaar wat 'n dag verspring);
*struis*, van *strooihuis*;
*stysel*, van *styfsel* = middel om linne styf te maak;
*twintig*, *dertig*, ens., van *twee*, *drie*, ens. en *tig* = tiental.

## IX. Opmerkings oor afgeleide en samegestelde woorde.

§ **250.** Ons het gesien dat by afleiding uit een ou woord, en by samestelling uit twee ou woorde 'n nuwe woord gemaak word. Nou kan dit ook gebeur, dat 'n afgeleide woord uit twee ander woorde bestaan, maar dan was die twee al tot een woord samegestel, voordat die afgeleide woord daarvan gemaak is. By 'n samegestelde woord kan een van die dele, of albei, waaruit dit bestaan, self ook 'n afgeleide of samegestelde woord wees.

Om so 'n woord dus reg te verstaan, moet ons nagaan wat die laaste bewerking is, waardeur dit ontstaan het; en al na die antwoord op daardie vraag, moet ons dit beskou as 'n afgeleide of samegestelde woord.

Voorbeelde:

*verwondering* is *afgelei* van die ww. *verwonder*; hierdie woord is self weer afgelei van die snw. *wonder*.

*onbegryplik* is *afgelei* van *begryplik*; hierdie woord is

afgelei van die ww. *begryp*, en dit is weer afgelei van die ww. *gryp*.

*skipbreukeling* is *afgelei* van die snw. *skipbreuk*; hierdie woord is samegestel uit die twee snw. *skip* en *breuk*, en die laasgenoemde is weer afgelei van die ww. *breek*.

*begrafnisstoet* is *samegestel* uit die twee snw.: *begrafnis* en *stoet*; hiervan is die eerste afgelei van die ww. *begrawe*, en dit van die ww. *grawe*.

*landbougenootskap* is *samegestel* uit die snw. *landbou* en *genootskap*. *Landbou* is weer samegestel uit die twee snw. *land* en *bou*, waarvan *bou* weer 'n regstreekse afleiding is van die ww. *bou*. Die ander deel, *genootskap*, is afgelei van die snw. *genoot*, en dit weer van die ww. *geniet*.

## X. **Grammatiese figure.**

§ **251.** Behalwe die buiging ondergaan woorde soms nog vormveranderings as 'n gevolg van gemaksug in die praat, of van 'n verkeerde opvatting van die betekenis van die woord, of ook van onwillekeurige verwarring met 'n ander woord. Hierdie veranderings noem ons *grammatiese figure*. Hulle bestaan in toevoeging of weglating van letters, die verlenging of verkorting van 'n woord, of in die uitspraak van die letters van 'n woord in 'n ander as die oorspronklike volgorde.

### A. **Toevoeging.**

1. *vooraan* (*prótesis* of *voorvoeging*): ***t**agtig* (vir agtig); ***h**erinner* (vir erinner); ***k**nyp* (vir nyp); ens.
2. *in die middel* (*epéntesis* of *tussenvoeging*): *moed**e**loos* (vir moedloos), *mond**e**ling* (vir mondling), *na**d**er* (vir na-er), *min**d**er* (vir min-er), *leid**s**man* (vir leidman), ens. Die tussenletters by verkleinwoorde en heelparty samegestelde woorde is ook voorbeelde van epéntesis.
3. *agteraan* (*paragóge* of *agtervoeging*): *iema**nd*** (vir ie man = ooit 'n man); *skoe**n*** (vir skoe = skee of skede).

### B. **Weglating.**

1. *vooraan* (*aféresis* of *afwerping*): *geen* (vir ***n**egeen* =

„noch"een = nie een); *snags* (vir *des nags*); *nywer-*(heid), (vir *in ywer*).

2. *uit die middel* (*sin'kopee* of *uitlating*): krant (vir *koerant*); elf (vir *eenlif*; *broer* (vir *broeder*); *reën* (vir *regen*); *teen* (vir *tegen*); *hovaardig* (vir *hoogvaardig*).

   'n Besonder soort sin'kopee is die *assimilasie* of *gelykmaking*, waarby 'n medeklinker met 'n ander een versmelt. Die woord *assimilasie* is self 'n voorbeeld daarvan, want dit staan vir *ad*similasie = gelykwording *aan* iets. Ander voorbeelde is: *liddoring* (vir *likdoring* = 'n doring in die *lik*, d.i. in die *lyf*); *vadoek* (vir *vaatdoek* = doek om die vate, d.i. borde, panne, ens. te was); ens.

3. *agteraan* (*apókopee* of *afkapping*): *wou* en *sou* (vir *woude* en *soude*); *vergif* (vir *vergift*); *krip* (vir *kribbe*; die *b* word *p*, deurdat dit nou agteraan kom); *gas*, (vir *gast*); *rus* (vir *rust*); *gehoor* (vir *gehoord*); *spinnekop* (vir *spinnekobbe* = 'n kobbe wat drade spin; vgl. Eng. *cobweb*); ens. Baie Afrikaanse woorde het deur *apókopee* uit Nederlandse ontstaan.

C. **Verlenging.**

Dit bestaan daarin, dat van een lettergreep twee gemaak word. Hierdie figuur dra die naam van *diëresis* of *splitsing*, en kom partykeer in gedigte voor. Dit betref meesal lettergrepe met die letters *l* of *r*; b.v.: *ellek* (vir *elk*), *arrem* (vir *arm*), *wurrem* (vir *wurm*). Veral in Nederlandse poësie kom hierdie figuur voor; kyk b.v. Ps. 46 vs. 5: *Hij stilt alom het orelogen* (vir *oorlogen*); en Ps. 87 vs. 2: *Men spreekt van u zeer herelike dingen.*

D. **Verkorting.**

Hierby word 'n letter op die end van 'n woord of voorvoegsel weggelaat, om dit makliker met die volgende woord te laat verbind. Dit word *eliesie* of *samesmelting* genoem, omdat daardeur twee lettergrepe tot een verkort word; b.v.: *aartappel* (vir *aarde-appel*); *binne* (vir *be-inne*); *telkens* (vir *te-elkens* = te elke keer); ens.

E. **Klankverspringing.**

Dit word genoem *metatesis* of *letteromsetting*, en betref meesal die letters *l* en *r*; b.v.: *naald* (vir *nadel*); *brand* (vir *barn*); *dertien* (vir *drietien*); *godsvrug* (vir *godsvurgt*); *roskam* (vir *horskam*); ens.

## § 252. Tabellariese oorsig oor die woordvorming.

WOORDE.
- **stamw.**
- **afgeleide**
  - regstreeks
  - middellik
    - *met voorv.*
    - *met agterv.*
- **samegest.**
  - regstreeks
  - deur afl.
    - *deur regstr. afl.*
    - *met voor- of agterv.*